Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Kantoor van die Hoof van Onderwys
Eduhead.Eduhead@westerncape.gov.za | 021 467 2536

Lêerno.: 14/3/1/3
Verwysing: 20230327-2922

Aan: Prinsipale, Opvoeders en Skoolgebaseerde personeel by openbare skole

(Ter inligting: Beheerliggame, Beheerliggaamverenigings en Onderwysvakbonde)

Geagte Kollegas

TYDRAAMWERKE VIR TOELATING VIR 2024

Ek verwys na Omsendbrief 0037/2022 van 14 September 2022: *Datums en tydraamwerke vir aansoeke om toelating tot gewone openbare skole en die bestuur van skole se toelatingsinligting vir 2023/2024.*

Hierdie omsendbrief stel dit duidelik dat skole slegs vanaf 17 April 2023 mag begin om ouers se aansoeke om toelating te begin verwerk.

Daar is derhalwe 'n geldige en wettige verwagting van ouers dat hulle tot om 23:59 op 14 April 2023 tyd het om hul aansoeke te voltooi en in te dien voordat skole begin om hul aansoeke te verwerk.

Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het die tydraamwerke vir toelating wyd en op verskeie platforms gepubliseer. Die toelatingsproses werk nie op die basis dat diegene wat eerste aansoek doen, eerste gehelp word nie. Voorts kan skole nie besluite maak oor suksesvolle of onsuksesvolle aansoeke totdat toelatings op 14 April 2023 sluit nie.

Gedurende die toelatingstydperk mag ouers hul aansoeke op die stelsel redigeer, wat redigering van hul persoonlike besonderhede, soos hul adres of voorkeurskole kan insluit. Ouers mag ook hierdie tyd gebruik om hul stawende dokumente te bekom en op te laai.

Omsendbrief 0037/2022 stel die volgende duidelik:

5.4 Skole mag nie van die gegewe tydraamwerk afwyk nie.

5.5 Skole wat nie die tydraamwerke nakom nie, sal ingevolge die WKOD-prosedure hanteer word.

5.6 Skole MAG NIE ouers oor die uitslag van hul aansoek in kennis stel voordat dit op die aanlyn toelatingstelsel vertoon word NIE.

As 'n direkte gevolg van bogenoemde, mag skole slegs vanaf 17 April 2023 die status van die aansoek as suksesvol of onsuksesvol aandui, soos in die genoemde omsendbrief gestipuleer.

Om nakoming te verseker, het die WKOD die stelsel vir verwerking gesluit. Skole sal egter die aansoeke wat by hulle skool ingedien word kan sien, sodat hulle 'n ontvangserkenning kan stuur aan ouers wat aansoek gedoen het.

Ons moet 'n regverdige administratiewe proses, ingevolge die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000), verseker, wat ouers genoeg tyd gun om hul aansoeke op 'n regverdige wyse, sonder dwang, binne die wyd gepubliseerde tydraamwerke volledig te voltooi en in te dien.

Skole sal dan 'n volle maand, vanaf 17 April 2023 tot en met 19 Mei 2023, hê om die aansoeke op die stelsel te verwerk.

Ons vertrou dat prinsipale en beheerliggame begrip het vir die implikasies hiervan vir ouers; vandaar die behoefte om die proses deur middel van hierdie brief uiteen te sit.

Alle skole word hiermee verplig om aan die gestipuleerde tydraamwerke te voldoen.

Die uwe

BRENT WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2023-03-27

wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement